higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEBEDRYWIGHEDE
NKR VLAK 3

10 Maart 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1 eenmansaak/alleeneienaar

1.1.2 Die reg skei nie 'n alleeneienaar se bates en laste van die onderneming se bates en laste nie.

1.1.3 Die alleeneienaar is verantwoordelike vir alle belasting betaalbaar.

1.1.4 Dit is goedkoper om te bedryf as 'n maatskappy of 'n beslote korporasie. Dit hoef nie 'n rekenmeester in diens te hê om die boeke na te gaan nie.

1.1.5 2 tot 20 lede

1.1.6 beslote korporasie

1.1.7 Die bates en laste van die lede word as afsonderlik van die bates en laste van die onderneming beskou.

(7 × 2) (14)

1.2 1.2.1
- persoonlike fondse
- vreinde en familielede
- ekwiteitsaandele (Enige 2× 1) (2)

1.2.2 Vaste kapitaal is langtermyn lenings wat vir tydperke van langer as 12 maande geneem word om langtermyn bates te verkry.
(Enige toepaslike antwoord)

Bedryfskapitaal is fondse wat vir die dag-tot-dag bedryf van 'n onderneming gebruik word en moet binne 12 maande terugbetaal word. (Enige toepaslike antwoord) (2 × 2) (4)

1.2.3
- Verbandbetalings
- Toerustinghuur, byvoorbeeld klankstelsels
- Huur
- Salarisse
- Voertuigpaaimente
- Voertuigonderhoud
- Brandstof (Enige TWEE toepaslike uitgawes) (2 × 2) (4)

1.3 1.3.1
- Dit sal vir Raymond dwing om behoorlike navorsing oor sy sakeonderneming te doen.
- Raymond sal in staat wees om slaggate te voorsien.
- Hy sal in staat wees om die bedryfstrategieë en verwagte resultate vir potensiële gebreke te ondersoek.
- Hy sal in staat wees om die sakedoelwitte en doelstellings met werklike resultate te vergelyk.
- Hy sal die sakeplan gebruik om vir finansiële bystand aansoek te doen. (Enige 3 × 1) (3)

1.3.2
- Dit moet 'n aantreklike, professionele voorkoms hê.
- Dit moet maklik lees.
- Dit moet 'n saaklike en logiese bendering volg.
- Die moet omwattend wees.
- Dit moet alle relevante feite en dokumente bevat. (Enige 3 × 1) (3)

[30]

VRAAG 2

2.1
2.1.1 F
2.1.2 D
2.1.3 B
2.1.4 G
2.1.5 E

(5 × 2) (10)

2.2 2.2.1 Bemarking kan omskryf word as al die aktiwiteite en tegnieke✓ wat gebruik word om potensiële kliënte oor die produk of diens in te lig✓en hulle oor te haal✓ om dit te koop.(Enige relevante antwoord) (3)

2.2.2 A Marksegmentering is wanneer die mark in kleiner groepe, wat sekere soortgelyke eienskappe deel, verdeel word.
(Enige relevante antwoord) (2)

B
- Ouderdom – 18–35 jariges, leefstyl, redes vir reis, gender.
- Gender – manlik en vroulik
- Redes vir reis – ander se lewens te ervaar, verskillende kulture, gelowe en lewenswyses te beleef.
- Leefstyl – leef sonder berou
- Identifiseer die elemente uit die uittreksel hier bo. (4 × 2) (8)

2.2.3 A
- Bekenstellingsfase
- Groeifase
- Volwasse stadium
- Agteruitgangfase (4)

B Volwasse stadium,✓ die maatskappy is in 1961 gestig vir jong, wilde en vrye reisigers, hulle het die kuns van reis vervolmaak.✓✓
(1 + 2) (3)

[30]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Netwerkvorming is 'n proses waar verskillende entrepreneurs of ondernemings in die toerismebedryf samewerkingsverhoudings met mekaar en ander sluit om mekaar in die ontwikkeling en groei van 'n onderneming te ondersteun. (Enige toepaslike antwoord) (3)

3.1.2 Toerismenetwerkvorming is veral belangrik om aan die skeptiese publiek te verduidelik waarom toerisme 'n belangrike bedryf is. (2)

3.1.3
- Geen onderneming kan in isolasie funksioneer nie.
- Netwerkvorming gee riglyne oor watter netwerke vir klein ondernemings belangrik is.
- 'n Strategie behoort saamgestel te word om mense te vind met wie netwerke gevorm kan word sodat hulle met mekaar in kontak kan bly. (Enige toepaslike antwoord) (2 × 2) (4)

3.2 3.2.1 inligting- en besluitnemingsrisiko

3.2.2 inherente ondernemingsrisiko

3.2.3 eksterne ondernemingsrisiko

3.2.4 ondernemingsprosesrisiko

3.2.5 bykomstige ondernemingsrisiko

(5 × 2) (10)

3.3 3.3.1
- Verbruikbare voorraad is die grondstowwe wat gebruik word om inkomstegenererende produkte te produseer.
- Nieverbruikbare voorraad verwys na die gereedskap wat in die onderneming gebruik word om die inkomstegenererende produkte te produseer. (2)

3.3.2 A eiers, spek, vrugte

B eetgerei, breekware, tafeldoeke

(2 × 2) (4)

3.3.3
- Hou bates en voorraad veilig
- Stoor voorraad en bates op so 'n manier dat dit nie beskadig word nie
- Stel maatkappyprosedures vir gebruik en beheer van bates op
- Lei personeel op
- Doen gereeld voorraadopnames om diefstal deur personeel te voorkom
- Neem versekering uit om diefstel en skade aan voorraad te dek (5)

[30]

VRAAG 4

4.1 4.1.1
- Prys – Pryse wissel tussen R4 625 en R6 399 p/p
- Plek – Thompsons Holidays
- Produk – pakkette na die Durban July
- Promosie– internet-advertensie (4 × 2) (8)

4.1.2
- Trek aandag – groot, sterk letters en prente trek aandag.
- Skep belangstelling – die kliënt sal die advertensie lees wat belangstelling genereer.
- Ontwikkel 'n begeerte – die kliënt sal graag wil bespreek, advertensies sê 'book now'.
- Lei tot aksie – kontak Thompson Holidays om 'n bespreking te maak. (4 × 2) (8)

4.1.3
- Bepaal die promosiegeleentheid en promosiedoelwitte
- Kies die toepaslike gehoor
- Die boodskap
- Die bemarkingskommunikasiesamestelling
- Bepaal die begroting
- Implementeer die plan
- Meet die resultate (7 × 2) (14)

[30]

VRAAG 5

5.1
5.1.1 B Ligging van die onderneming
5.1.2 C Bewustheid, Proef, Vaslegging ('awareness, trial, reinforcement')
5.1.3 D Motivering van personeel
5.1.4 D Het baie kontakte en netwerke
5.1.5 B Toeganklikheid
(5 × 1) (5)

5.2 5.2.1 R10 000 × 15% = R1 500

5.2.2 R10 000 + R1 500 = R11 500

5.2.3 R11 500 × 115 ÷ 100 = R13 225 × 15% = R1 983,75

5.2.4 R1 983,75 – R1 500 = R483,75
(4 × 2) (8)

5.3
- Bevoegdheid – elke spanlid het spesifieke vaardighede en kennis wat tot die bevoegdheid van die span bydra.
- 'n Duidelike, gemeenskaplike doelwit – alle spanlede moet duidelik bewus wees van wat van hulle verwag word.
- 'n Dwingende doel – spanlede moet die noodsaak en belangrikheid van die doel besef.
- Verbintenis tot die gemeenskaplike doel – alle spanlede behoort gemotiveer te word om die doel te verwesentlik.
- Elke lid dra by, elke lid word bevoordeel.
- Duidelike rolle en opdragte – spanlede moet mekaar se rolle en verantwoordelikhede ken.
- 'n Ondersteunende omgewing – die spanlede moet mekaar ondersteun om hul doelwitte te verwesentlik.
- Inlynstelling – verwys na die koördinering van planne, pogings en belonings met die organisasie se hoogste doelwitte. (Enige 4 × 2) (8)

5.4 5.4.1 Intrapreneur, hy werk in 'n organisasie en kom met idees vorendag sodat die organisasie meer wins kan toon. (1 + 2) (3)

5.4.2
- Onafhanklikheid
- Vryheid om kreatief te wees
- Geleentheid om uitstekende finansiële voordele te trek
- Erkenning en prestasie (Enige 3 × 1) (3)

5.4.3
- Vertroue in hul vermoë om te slaag
- Bereidwilligheid om matige risiko's te neem
- Soeke na verantwoordelikheid
- Energie
- Die behoefte om te presteer
- 'n Vermoë om goeie geleenthede te identifiseer
- Organisasievaardighede
- Behoefte vir onmiddellike terugvoer (Enige 3 × 1) (3)

[30]

VRAAG 6

6.1 6.1.1 Verbruikergerigtheid
6.1.2 Stelselsgerigtheid
6.1.3 Maatskaplike verantwoordelikheid
6.1.4 Winsgerigtheid

(4 × 1) (4)

6.2 6.2.1
- Mary is vriendelik gegroet
- Rego was gretig om vir Mary te help
- Rego het aangebied om met 'n bykomende bespreking te help
- Rego het geglimlag toe sy vir Mary gehelp het

(Enige DRIE voorbeelde uit die gevallestudie) (3 × 2) (6)

6.2.2 Nee, die bed was nie opgemaak nie en die badkamer was ook nog nie skoongemaak nie. Mary is aangesê om te wag. Personeel het interne kwessies uitgeblaker – te min personeel. (1 + 2) (3)

6.3
- Werkskepping – Entrepreneurskap skep werkskepping in plaaslike gemeenskappe wat misdaad en armoede sal laat afneem.
- Plaaslike inkomsteskepping – Die entrepreneur en sy familie trek direk voordeel uit die inkomste van die onderneming. Plaaslike mense word in diens geneem en kry die geleentheid om hul eie welvaart te skep.
- Ontkenning van trekarbeid – Entrepreneurskap in die plaaslike gemeenskap sal aan jongmense werk verskaf en sal sodoende die migrasie van jongmense na die stede om werk toe soek, verminder.
- Verstedeliking – Entrepreneurskap sal geleenthede vir plaaslike gemeenskappe skep; minder mense hoef dus na die stede te trek en dit sal verstedeliking verminder.
- Bemagtiging – Entrepreneurskap bied die geleentheid om voorheen-benadeelde gemeenskappe te bemagtig. (5 × 2) (10)

6.4
- Toergids
- Toerbedryf of wielebedryf
- Gasvryheid: akkommodasie-ondernemings
- Gasvryheid: restaurante
- Ontwikkeling van besienswaardighede
- Begin tuisgebaseerde/klein reisagentskap
- VAKU ('MICE') (4 × 1) (4)

6.5 6.5.1 Verantwoordelik vir die aanstelling van personeel en die bepaling van salarisse en bevordering. (Enige relevante antwoord)

6.5.2 Skep van 'n beeld vir die onderneming. (Enige relevante antwoord)

6.5.3 Verantwoordelik vir die dag-tot-dag-aktiwiteite van die onderneming. (Enige toepaslike antwoord) (3 × 1) (3)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou